**Bly dan in My liefde**

**Joh 15:9-17**

**7 Desember 2025**

1. Vantevore: Die Here Jesus is die ware druiwestok, die Vader die landbouer, gelowiges die vrugdraende lote, ongelowiges die nie-vrugdraende lote. Die doel is dat lote steeds meer vrug dra tot verheerliking van die Vader. Om vrug te dra moet lote in die Here Jesus bly. Hy is die Woord – as hulle in Sy Woord bly, bly hulle in Hom, en dra vrug.
2. Die Here Jesus sê: "Bly dan in My liefde" (Joh 15:9-11)
    a. Gelowiges is in die Here Jesus (Joh 14:20) as hulle in Sy Woord bly (Joh 15:7)
    b. Vader het die Seun lief, Seun het die gelowiges lief: Daarom moet hulle in Sy liefde bly (v9)
    c. Gelowiges bly in die Here Jesus se liefde deur Sy gebooie te onderhou (v10):
        i. Dit is hoe die Here Jesus in die liefde van die Vader bly
        ii. As gelowiges in die Woord bly, leer hulle die gebooie ken
    d. As gelowiges Sy gebooie hou, is Sy blydskap ook in die gelowiges (v11)
        i. Gehoorsaamheid lei tot verwesenliking van oorhoofse doel – en dus tot blydskap van die Vader, en die Seun, en ook die gelowige
3. Gelowiges onderhou die Here Jesus se gebooie as Sy ingeligte vriende (Joh 15:12-15)
    a. Gelowiges moet die Here Jesus liefhê, soos Hy hulle liefgehad het (v12, vgl Joh 13:14, 34)
    b. Nuwe gebod hef nie ander gebooie (bv liefde vir God, liefde vir vyande) op nie
    c. Die Here Jesus lê Sy lewe af vir Sy vriende, die gelowiges – gedring deur Sy liefde vir die Vader en Sy liefde vir die gelowiges (v13)
    d. Is dit nie groter liefde om lewe vir vyande af te lê as om lewe vir vriende af te lê nie? Ja, maar:
        i. Hierdie gesprek vind plaas met die dissipels – hulle is Sy vriende, nie vyande nie
        ii. Ten diepste lê die Here Jesus Sy lewe af vir gelowiges as hulle nog vyande is (Rom 5:10) – en sodoende word hulle Sy vriende
    e. Vriende van die Here Jesus moet Sy gebooie nakom (v14)
    f. Gelowiges is vriende van die Here Jesus, nie slawe nie – want hulle het insig in die Vader se plan en doel (v15)
    g. Vriendskap tussen die Here Jesus en die gelowiges is nie vriendskap tussen gelyke partye nie – gelowiges is Sy vriende, maar ons lees nie die Here Jesus is hulle Vriend nie
        i. Abraham is God se vriend (2 Kron 20:7, Jak 2:23)
        ii. Moses is die Here se vriend (Eks 33:11)
        iii. Lasarus is die Here Jesus se vriend (Joh 11:11)
4. Die gebooie wat die gelowiges moet onderhou (Joh 15:16-17)
    a. Die Here Jesus het Sy dissipels gekies – soos die Vader die gelowiges uitgekies het (Ef 1:4)
        i. Doel met uitverkiesing: om heilig en onberispelik te wees
    b. Die Here Jesus lig twee gebooie uit wat gelowiges moet onderhou:
        i. "Julle moet mekaar liefhê" (v17)
            - Moet na mekaar omsien om voortdurend meer vrug te dra
        ii. Gelowiges is aangestel om uit te gaan en vrug te dra wat blywend is (v16)
            - Die Here Jesus is aangestel, ook Paulus en Barnabas (Hand 13:47, 1 Tim 1:12)
            - Moet uitreik na buite om meer lote te laat uitspruit om meer vrug te dra
5. Samevatting
    a. Heerlike inhoud van "in Here Jesus" wees: In Hom, in Sy liefde, in Sy Woord, in Sy blydskap, in Sy vrede, Sy vriende, verstaan Sy plan, verstaan ons rol, is Sy medewerkers